

Geliefde Lourensrivierder

Ek het op 'n oulike stukke skryfwerk afgekom van Lynette Beer, motiveringspreker en skrywer van die Boek: "Watter kleur is jou persoonlikheid"

"Die ou spreekwoord lui: "waar daar 'n wil is, is daar 'n weg". Ek sê altyd "as jy glo jy kan, dan kan jy."

Dit begin natuurlik alles by hoe jy dink. As jy in die oggende wakker word en jou eerste gedagte is "ugh, ek is nie lus vir hierdie dag nie", is die kans groot dat jou dag presies gaan uitdraai soos wat jy gedink het. Windskeef en onderstebo.


Nou weet ek ook dat nie alle mense fris, vars en vrolik voel in die oggend nie. Party moet mos eers 'n tweede en selfs 'n derde koppie koffie inkry en word eers mooi wakker as hul al by die werk is, maar selfs die oggend traes kan die dag begin op 'n positiewe noot.

Ek hoor oor die naweek 'n vrou vertel dat sy elke oggend haar drie kinders so een-een wakker maak deur in hul kamers in te gaan en "Goeiemôre my sonskyn, goeiemôre my kind" te sing. Haar oudste word wakker en kla dadelik oor Ma wat raas, haar jongste grawe homself net dieper onder die komberse in, maar elke oggend begin haar middelkind dadelik met 'n vonkel in die oog saam te sing.

Sy lag lekker as sy die storie vertel. Dit is opmerklik dat al haar kinders, ten spyte van moeilike omstandighede, positief ingestel is, altyd vriendelik is en uit hul pad uitgaan om dinge vir ander makliker te maak.

Ek vermoed haar vrolike gesingery elke oggend het baie daarmee te doen. Sy self bekyk die lewe deur 'n positiewe bril. Is altyd vrolik en behulpsaam, al is haar eie lewe besaai met opdraandes, seerkry en moeilikheid. Die lewe kry haar nie onder nie.

Sy het 'n "ek kan en ek sal" ingesteldheid wat almal rondom haar positief beïnvloed. Dink net wat sal gebeur as ons almal hierdie ingesteldheid teenoor die lewe kan hê. Probeer om vir die volgende week elke dag eerste aan iets te dink waarvoor jy dankbaar is of positief oor voel en kyk dan of dit 'n verskil in jou lewe maak."



NUUSKRUMMELS: 07 NOVEMBER 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

DINAMIET KIEDZ

Ons kuier Sondag weer in die saal soos normaal! 🎵



KERSSANGDIENS IS HIERDIE JAAR OP 24 NOVEMBER IN DIE OGGEND @ 09H00! 🎵



FEESMARK DANKIES!!!

Die woord dankie is so 'n bitter klein woordjie, maar die betekenis is ongelooflik groot!

Aan al die betrokkenes en vrywilligers wat hierdie jaar alweer hand opgesteek het om uit te help wil ons net sê: julle is soos knope... hou alles bymekaar! 🎵

Daar sal nooit 'n suksesvolle projek of funksie in hierdie gemeente kan wees sonder die liefdevolle, geduldige, vriendelike, bereidwillige hulp van elkeen wat onverpoost saamstaan nie!

Julle is voorwaar die liggaam van Christus!

NUUS UIT DIE KERK OMGEWING



Telefoonnummer: 021 808 9060
E-pos adres: ngkvroue@sun.ac.za
Webtuiste: www.vroueweskaap.co.za
Facebook: @vroueweskaap

VROUEBEDIENING WES-KAAPLAND

Visie: Ons wil gemeentes help om veilige ruimtes te skep waar gelowige vroue oor generasies en ander grense heen verenig kan word, sodat ons binne die kerk en samelewing kan floreer.

FOKUS vir 2020

Spiritualiteit- en
Leierskapsontwikkeling van
vroue

Veilige Ruimtes

Geloofsreis: Vroue met vlerke

Retraites en Kampe

Beginnerpakket vir
Vrouebedieninge

Belangrike datums

6 Maart: Wêreldbiddag vir Vroue

31 Jul - 2 Aug: Retraite vir Vroue
by die Andrew Murray Sentrum

Elke donderdag dra ons swart:
Thursdays in Black

Interaksie

BESTEL NOU JULLE INTERAKSIE
VIR 2020.

DRIE UITGAWES: FEBRUARIE,
JUNIE EN OKTOBER.

R70 VIR 3 UITGAWES IN 2020

**Kontak ons gerus indien julle belangstel om meer uit te vind oor ons fokusse.
Ons kom kuier graag by julle.**

(Vind aangeheg ons bydraevorm en Interaksie lintekenvorm.)

Taakspan: Riana Furniss, (Voorsitter), Mariette Steyn, Marelise Krige, Sanet van Rooyen, Theresa Pieterse, Gieille Loubser en Anka du Plooy (Uitvoerende Beampte)



Maak 'n knoop in jou oor of skryf dit op jou buddy se voorkop! #Imagine 27-29 Maart 2020

#IMAGINE... Who We Are

The #Imagine network was initiated in 2013 by a group of teenage ministry leaders in order to discuss and develop relevant teenage ministry models. Since then the network has grown to a national movement that consists of hundreds of churches across different denominations and cultural backgrounds all across South Africa. Our Credo: We are the Imagine Generation. We believe in tomorrow because Jesus renews. We dream of peace because God is love. We commit to change because the Spirit moves. We are the church of today, the leaders of tomorrow.

WE ARE... THE IMAGINE GENERATION!

NUUS UIT DIE GEMEENSAP



Johan Laten will be sharing his insights into how to better deal with negative thoughts and depression.

Natasha Wallendorf will be showing us how movement can improve our physical, and mental well-being.

Saturday 09 November 2019 10:00
THE REFINERY • 13 DERRICK DRIVE • SOMERSET WEST

Visit our Facebook page to learn more about our speakers.

Coffee & tea will be served. Our aim is to touch lives by supporting, caring and loving anyone affected by cancer. Feel free to share this invitation.





NG Kerk in SA

KONTRAKPOS : NAVORSING EN SOSIALE MEDIA BEAMPTTE
in die kantoor van die Sentrum vir Publieke Getuienis
(Bellville)

Aansoeke word vir bogenoemde pos in die Sinodale Kantoor te Bellville ingewag.

Die geskikte kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:

- Rekenaarvaardigheid: MS Office (Word/Excel/Powerpoint)
- Bewese taal- en skryfvaardighede, beide in Afrikaans en Engels
- 'n Aanvoeling en passie vir navorsing rakende publieke kwessies (armoede, ongelykheid, behuising, ekologie, sosiale kohesie, onderwys, gesondheid ens.)
- 'n Aanvoeling en kundigheid rakende kommunikasie deur sosiale media (Facebook, twitter, Instagram, webblaaie ens.)
- Vorige ervaring in die bestuur van sosiale media platforms sal voordelig wees

Die geskikte kandidaat sal aan die direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis rapporteer.

Werkure: Drie ure per dag (spesifieke tyd is onderhandelbaar)

Rig 'n volledige CV vóór 20 November 2019 aan:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (Kenny Raats), NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville, 7535

E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za / 021 957 7104



NG Kerk in SA

ADMIN KOÖRDINEERDER
in die kantoor van die Sentrum vir Publieke Getuienis
(Bellville)

Aansoeke word vir bogenoemde pos in die Sinodale Kantoor te Bellville ingewag.

Die geskikte kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:

- Goeie interpersoonlike en telefoonvaardighede
- Vermoë om dagboeke na behore te bestuur en integreer
- Rekenaarvaardigheid: MS Office (Word/Excel/Powerpoint)
- Bewese taal- en skryfvaardighede, beide in Afrikaans en Engels
- Die reël van vergaderings, konferensies en dialoogsessies, insluitend telefoonkonferensies
- Basiese finansiële administrasie
- Noukeurige kantoorbestuur en -administrasie
- Kennis van en 'n bepaalde aanvoeling vir die kerklike omgewing
- Bereidwilligheid om konferensies, vergaderings en byeenkomste by te woon soos nodig

Die geskikte kandidaat sal aan die direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis rapporteer.

Werkure: 07:45 – 12:45

Rig 'n volledige CV vóór 20 November 2019 aan:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (Kenny Raats), NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville, 7535

E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za / 021 957 7104

KNIEWERK:

- ✠ Gerda de Villiers vir gesondheid
- ✠ Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- ✠ Danie Botha vir herstel na 2de skouer-operasie
- ✠ Annamarie Retief vir herstel na operasie
- ✠ Innige meegevoel met Divan en Rudi Deim asook familie met die heengaan van hul pappa, Werner Deim (van Swakopmund)
- ✠ Innige meegevoel met Louize Tredoux en familie met die heengaan van haar ma, Martha
- ✠ Dirk Fourie vir gesondheid

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 10 NOVEMBER SE BOODSKAP: 2 Tes 2:1-17 (22STE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Dit is duidelik dat die gemeente in Tessalonika Paulus verkeerd verstaan het. Sy boodskap in sy eerste brief (hfst. 5) dat Jesus onverwags sou kom, is deur hulle geïnterpreteer dat Jesus moontlik reeds gekom het óf binnekort sou kom. Dit kan ook moontlik wees dat daar iemand was wat valslik in sy naam 'n brief geskryf het (2:2) en sommige verwar het met 'n verkeerde interpretasie van sy vorige boodskap oor die wederkoms.

Paulus versoek hulle egter om nie so gou van stryk gebring te word deur misleidende interpretasies oor die wederkoms nie, maak nie saak of dit in 'n profetiese uitspraak gedoen word of deur 'n brief nie. Daarom bevestig Paulus heel moontlik in 2 Tess 3:17 die egtheid van hierdie brief, deur die groete met sy eie handskrif te skryf. Jy – en ons as gemeente – moet gefokus bly op jou roeping. Kyk net hoe Paulus vanaf vers 13 met die gemeente praat oor wat God vir hulle gedoen het, en waarom God dit gedoen het.


God het die Tessalonisense gekies en gered om die eerstes te wees wat glo – deur hulle getuienis, en ons s'n, bring God ook ander, die volgende geslagte, tot geloof. Ons is die eerste vrugte, die geliefdes van God.

Hoe keer ons dat ons uit die geloof uitval? Ons hou ons oë gevestig op God wat ons liefhet en ons gekies het om sy heerlike doel deur ons te bereik. Die werkwoorde is belangrik: ons onthou, ons vertel oor, ons glo, ons bring dank. Dit is ons roeping.

Ons staan vas!

Wat God gedoen het, lei tot ons aksie. Wat doen ons? Ons staan vas, ons hou vas (v. 15). Aangesien ons glo en gefokus bly op wat Christus gedoen het deur sy dood en opstanding; dat Christus die bese oorwin het; dat die kruis uitstyg bo enige tragedie, konflik of geweld, maak die vasstaan sin. Vasstaan is veral sinvol omdat Christus ons geroep het om deel te neem aan sy heerlikheid wat met sy wederkoms volledig ons deel word.

Ons wil dikwels graag baklei en oorlog maak. Ons wil die magte wat die evangelie aanval self oorwin. Paulus se oproep dat ons bloot vas moet staan word gebore uit vertroue in Christus se oorwinning. Mense wat vasstaan neem dinge nie in hulle eie hande nie, maar vind rus in die vertroue dat die hele wêreld rus in Christus se gekruisigde hande.



Jackie@Lourensvier

OORGEE, OMGEE, AANGEE